Meatmaster

Nuusbrief

Desember 2017

Meatmaster Skaaptelersgenootskap van SA

Tel: 051 4100 900/55 | Fax: 051 448 4220 | epos: sonja@stemma.co.za
Posbus 1060 | Bloemfontein | 9300
www.meatmastersa.co.za

Goeiedag lede.

Hoogtepunte in hierdie dokument:

1. Terugvoer van die Genootskap Aug 2017 – Des 2017
2. Opgradering van diere
3. Vooruitsigte vir 2018

1.

9 Augustus 2017 – AJV

Graag wil ek van die geleentheid gebruik om die Raad met hul onderskeie portefeuljes aan u bekend te stel:

PW van Heerden – President – Bemarking, Algemeen, Nasionale Veiling

Jean du Plessis – Vise-President – Kursusse

Clynton Collett – Raadslid – Navorsing, Kursusse

Mario du Preez – Raadslid – Publikasies, Bemarking

Boemie Saaiman – Raadslid – Roadshow, Sosiale Geleenthede

Johnny Morrison – Raadslid – Keurders

Hierdie is voorwaar 'n toegewyde span wat die Ras se belange op die hart dra en ook bevorder. Baie dankie vir u tyd en opoffering.

10 Augustus 2017 – Nasionale Meatmaster Veiling Bloemfontein. Dit was weereens 'n groot sukses gewees. Die vol paviljoene bly weereens 'n bewys van die gewildheid van die Ras. 199 Ooie is aangebied waarvan 99.5% verkoop vir 'n gem van R4 280. **Hoogste prys R17 000.** 70 Ooie met lammers is aangebied waarvan 100% verkoop is vir 'n gem van R5 093. **Hoogste prys R11 000.** 80 Ramme is aangebied waarvan 83% verkoop vir 'n gem van R10 302. **Hoogste prys R77 000.**

Graag bedank ek alle verkopers met die uitsonderlike kwaliteit diere wat aangebied is. Baie geluk aan alle kopers met die waardevolle toevoeging tot u boerderye.

31 Augustus 2017 – Transveld Meatmaster Veiling Pretoria. Hierdie is 'n geleentheid vir telers uit die Noorde van die land om Meatmasters te bekom.

12-14 September 2017 – ALFA Expo Parys.
Hierdie geleentheid was bykans drie keer groter as die vorige jaar. Baie dankie vir al die besoekers wat 'n draai kom maak het by die stalletjie. Baie geluk ook aan oom Klaas en Nico Grobler wat die beste vroulike haarskaap vertoon het. Dit is vir ons ras 'n groot prestasie om op die manier erken te word.

13-16 September 2017 – Megaweek Bredasdorp.
Die Meatmaster geniet weereens groot aftrek by hierdie geleentheid. Baie dankie aan Jacolet Visser wat vir Boemie Saaiman bygestaan het tydens hierdie geleentheid.

16 September 2017 – Vlakhoek Veiling Derby.
'n Groep telers uit die Karoo en Kalahari het opgetrek Noorde toe vir hierdie veiling. 'n Baie goeie veiling is aangebied. Die duurste ram word verkoop vir R61 000 en die duurste ooi vir R29 000.

21 September 2017 – Klein Karoo Veiling Oudshoorn. Dit was die heel eerste veiling wat deur 'n groep telers uit die Klein Karoo aangebied is. Belangstelling was bo verwagting goed.

22 September 2017 – Leliekrans Veiling. Baie geluk aan Piet en Nelia de Lange wat weereens, ten spyte van die droogte in die distrik, 'n puik aanbieding gelewer het.

12 Oktober 2017 – Best of Africa Veiling Parys. Superior Genetics en Didymus Meatmasters bied vir die heel eerste keer 'n veiling aan waar alle diere aangeteken is. Dit het belangstellendes van regoor die land en selfs buurlande getrek. Baie dankie vir die spog geleentheid.

12-15 Oktober 2017 – Agri-Expo Livestock Stellenbosch. Die Meatmasters is ook hier uitgestal en trek baie belangstelling uit hierdie deel van die land.

20 Oktober 2017 – Loeriesfontein Skou Veiling. Elke jaar 'n hoogtepunt op ons kalender. Ten spyte van die droogte in die provinsie was veral die aanvraag vir ooie baie goed gewees.

31 Oktober – 1 November 2017 – Senior Kursus Bethulie. Die inhoud van die Senior Kursus is hersien en daar word vir die heel eerste keer kursus aangbied met die nuwe materiaal. Die terugvoer van die kursusgangers was baie positief. Baie dankie Clynton en Mario vir julle insette met die samestelling van die inhoud en die aanbieding.

1 November – 2 November 2017 – Beginner- Junior Kursus Ventersdorp. Belangstelling vir hierdie kursus het alle verwagtinge oortref. Kursusgangers het met 'n nuwe uitkyk na skaap boerdery in die geheel daar weg gestap. Baie dankie aan Nico Grobler en Jean Du Plessis saam met hul helpers vir die insette gelewer.

9 November 2017 – Grootplaas – Kyknet TV. U is welkom om na die onderhoud tussen Elsa en myself op AgriOrbit se webblad te gaan kyk wat uitgesaai was op KykNet.

15 November 2017 – Bo-Karoo Veiling Hopetown. Verkoper sowel as koper het tevrede weggery van hierdie veiling af. Hoogste prys vir 'n ram was R32 000 en die gem. vir ramme was R9 051.

22 November 2017 – RSG. Ek het 'n 10 minute onderhoud gehad met Lisa Robberts wat julle ook kan gaan aflaai op RSG se webblad onder potgooi.

Dit is voorwaar 'n mondvol. Die Meatmaster is verseker die vinnig groeiendste Ras met goeie rede. Dit is net te danke aan lojale en passievolle telers wat in die ras glo en winsgewend daarmee boer. Baie dankie vir elkeen se bydrae om hierdie Ras te bevorder.

2.

Opgraderings stelsel: Eerstens wil ek graag almal welkom heet wat in die afgelope jaar die besluit geneem het om aan te sluit by SA Stamboek om sodoende data te laat ontleed. Dit beteken baie vir ons Ras.

Die Meatmaster word nou as 'n ontwikkelende ras geklassifiseer. Dus moet die opgradering van die ras van F-generasie verander na Hulpstamboek. Herman by SA Stamboek het alreeds die nodige veranderings op die sisteem aangebring om sodoende ons ras te akkommodeer.

Dis van kardinale belang dat alle diere waarvan daar rekord gehou is oor die jare, maar nog nie op die stelsel gelaai is nie, so gou moontlik gelaai sal word. Dit sal die Ras se akkuraatheid verhoog en geloofwaardigheid in die data verbeter.

Alle uitstaande data moet asseblief voor die 1ste April 2018 ingedien word by Sonja. Ons sal ongelukkig nie meer na die 1ste April 2018 agterstallige data opneem nie. Alle nuwe diere sal daarna slegs as hulpstamboek A diere opgeneem word.

Verder versoek ons asseblief dat u u data korrek en eerlik sal indien. Die Genootskap, in samewerking met SA Stamboek, het 'n verantwoordelikheid om akkurate data te verwerk. Daarom steun ons op u eerlikheid.

3.
Dit bring my so te sê by die einde van hierdie skrywe.

U sal binnekort u kalender met die nuwe jaar se aktiwiteite daarop aangeteken, ontvang. Dit is weereens ‘n vol jaar wat voorlê. Hou asseblief ons webblad asook Facebook blad dop vir kennisgewings waarin u belang mag hê.

Ek bid u ‘n geseënde feesseisoen toe. Rus uit en geniet die samesyn met u gesinne en geliefdes!

Saam sit ons weer in 2018 skouer aan die wiel!